# KOERSVAS

Jaargang 11 Uitgawe 224
15 Maart 2024

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr J Otto

**In hierdie uitgawe:**
**Redaksioneel**
**Berigte - Bondsake**
**Omsendskrywe**
**Predikanteberaad**
**Kwiltprojek**
**Lewensbrood**
**Kennisgewings**

## REDAKSIONEEL

**Op eie risiko**

Ek was ook al in die tronk, tegnies, en net vir 'n paar uitmergelende minute, maar tog in die tronk. Daardie episode het my geleer dat ons elkeen se vermoëns moet waardeer en ons eie insigte altyd weer moet toets. Wat het gebeur?

Die brief met die boete het in die pos gearriveer. Die voertuig wat in die foto afgebeeld was, was duidelik nie myne nie; selfs die registrasie nommer onbekend. Wat sal ek 03:30 in Soweto doen? Gefrommel in die rommel mandjie, vergete is die 'misplaaste" boete afgelag.

Totdat die balju opgedaag het met die dagvaardiging om in die hof te verskyn. Geen verskoning kon hom daarvan oortuig dat ek nie die eienaar is en derhalwe nie die oortreder kan wees nie. In die nuwe Suid Afrika het ons maar gedink hulle sal later hulle fout agterkom. Ook die dagvaardiging het daar op die lessenaar gelê, 'n bron van vermaak en spot.

Toevallig noem ek dit tydens huisbesoek aan die voorsitter van die ouderlinge, 'n advokaat. Sy oë het gerek en hy het dadelik saam met my na die pastorie gekom om die dokument te besigtig.

Sy dringendheid in optrede het meer intens geword. "Ek weet nie wat jou planne vir môre was nie, jy kom saam met my hof toe". Ek was nie werklik lus om aan die duidelike fout enige legitimiteit te gee nie. Sy antwoord was dat ek op daardie stadium skuldig was aan ten minste minagting van die hof. Ek moes verskyn het soos op die dagvaardiging aangedui. Die metro polisie was en is steeds lief daarvoor om mense soos ek (wat dit ookal alles beteken) Vrydag-middag te arresteer sodat ons die naweek in die selle kan deurbring. Wat daar gebeur is, 'n riller. Wie gaan Sondag preek?

Daar gekom het hy gelukkig van die personeel geken en kon hy hulle oortuig om saam met my voor 'n magistraat te verskyn. Al protesterend het ek meegedoen aan die prosedures. Hy het my die dood voor die oë gesweer indien ek enige ander woorde uiter as "skuldig edelagbare". Toe die magistraat my vra hoe ek pleit, het my beplande verduideliking in die pyn-sfeer geëindig. Met gekneusde rib het ek daardie gewraakte woorde oor my onskuldige lippe laat gaan.

Ek is terstond skuldig bevind, die boete asook 'n minagting boete is my opgelê en ek is na die selle geneem totdat die advokaat die boete betaal het. Met swaar gemoed is ek huis toe, darem veilig van verdere onreg soos naweke in selle. Ek was gefokus op die onreg ontmasker. My

huiswerk het ek deeglik gedoen, net om te besef dat ek volgens die reg inderdaad skuldig was, ook aan die oortreding. Die agtergrond waarvan ek onbewus was, het so ontvou:
Die Ringsraad vir Sending (Roodepoort) het hulle fondse gebruik om vir die Sendingkerk se predikant 'n motor te koop. Weens vorige bloutjies geloop, het hulle nie die voertuig op sy naam geregistreer nie. Op daardie stadium was ek voorsitter van die Ring. Die Ring is ook nie 'n regspersoon nie. My besonderhede en ID dokumente was beskikbaar en hulle het die voertuig sonder my kennisname in my naam geregistreer. Nooit het hulle daaraan gedink om my in kennis te stel van die voertuig wat tegnies aan my behoort nie. Harde woorde het later daaroor geval. Die boete gelde is terugbetaal. Die feit dat die leke dominee gaan kuier het en dit goed gedink het om oor die rooi lig te ry (in tegnies my geregistreerde voertuig) op pad na sy slaapplek het daartoe gelei dat ek die boete ontvang het. Ek het geleer.
Jy mag dink jy het al die feite. Jy mag dink dat jy onskuldig is. Het jy al die feite? Is daar dalk 'n belangrike perspektief waarvolgens jy wel skuldig is? Daar is goeie rede om die kundiges te vertrou. Ek het in die afgelope tien jaar gesien hoeveel mense wil aan ons eie advokaat voorskryf, want hulle weet mos die beste. Ek bewonder die geduld waarmee hulle geantwoord word. Ons is nie gewaarborg dat ons ongeskonde uit die litigasie gaan tree nie. Laat ten minste die kundige sy werk doen.
In die NHKA weet ek dat die doktore en dominees met hulle magtige kennis van kerkreg aan hulle regspan voorskryf watter sake en argumente sentraal moet staan. Die feit dat kerkreg in ons tyd vêr verwyderd is van die gemenereg gaan hulle verby. Die feit dat hulle die Trichardt fontein saak verkeerd verstaan (deur die geslagte heen), kan hulle nie insien nie. Hulle soek aanmekaar rede om die saak nie tot voltooiing te laat kom nie. Dit is waarom ek dink hulle gaan verloor.

Johan Otto

# BERIGTE

## BONDSAKE

### PREDIKANTEBERAAD

Geagte leraar en kerkraad Die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes bied jaarliks ‘n predikanteberaad aan wat verpligtend is vir elke leraar in die Bond. Weens die huidige ekonomiese omstandighede, is ons terdeë bewus van die finansiële implikasies wat met die bywoning van die beraad gepaardgaan. Juis daarom rig ons hierdie skrywe ook aan alle kerkrade met die versoek dat u alles moontlik sal doen om u leraar in staat te stel om die beraad by te woon. Die reëlings is as volg:
Plek: Gemeente Theresapark
Datum: 4 & 5 April 2024 Tyd: Donderdag 4 April 2024 vanaf 10:00
Kostes: R150/persoon betaalbaar in die Bond se rekening, **voor of op 31 Maart** 2024. (Verwysing – Beraad met van – byvoorbeeld Beraad Marais)
RSVP: Voor of op 20 Maart 2024
Tema: **Bybels - Reformatoriese Teologie**.
Gesprekleiers: Dr. Otto en Dr. Botma: Bybels – Reformatoriese teologie.
Dss. van Antwerpen en Viljoen – Chiliasme.
Dss. van Zyl en Viljoen – Maria en surrogaatskap. Alle gesprekleiers word versoek om ‘n studiestuk ter voorbereiding vir die beraad, voor of op

Woensdag 20 Maart 2024 aan ds. Frans Marais frans.marais@geloofsbond.org.za te stuur vir verspreiding.

## KWILTPROJEK 2024: BONDSDAMES

Die 2025 Bondskwilt ter stywing van die Predikante/ Teologiese Opleidingsfonds vorder mooi en vinniger as wat ons selfs voor kon hoop. Daar is nog net 'n paar blokke wat moet inkom, en dan gaan ons die kwilt aanmekaar sit!

Onthou asseblief die besluit dat elke Bondsgemeente se susters versoek word om ‘n finansiële bydrae te lewer d.m.v. hierdie en/ of ‘n ander selfgeïnisieerde fondsinsamelingsprojek.


Leraars, kerkrade en dames word versoek om asseblief die boodskap aan hul gemeentes oor te dra sodat alle Bondsgemeentes deel kan hê aan hierdie besondere projek, selfs al verkoop u net kaartjies. Foto's van die nuutste byvoegings verskyn hieronder.














## LEWENSBROOD 2025

Die predikante werk hopelik reeds hard aan die dagstukkies vir 2025. Ons dank aan elke een wat bydra tot die suksesvolle publikasie. Die keerdatum vir die instuur van dagstukkies is **15 Mei 2024**. Daar is nie baie tyd beskikbaar vir die proeflees werk nie en ons beplan om die gedrukte weergawe vroeër uit te stuur.




## KENNISGEWINGS


### DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:
Kalenders
Kwitansieboeke
Offergaweboeke
Dames Kwitansieboeke
Konsistorieboeke
Reklame plakkate en ander drukwerk
ella@teamworkprinters.com

### FINANSIERING

Skakel gerus met Oranjekas (ons mense) vir 'n goeie tarief ten opsigte van lenings, voertuig finansiering en veilige beleggings.




Vergeet-My-Nie
Resepteboek
2024
INHOUDSOPGAWE
INDEKS
Bladsy
Resepte en idees vir een-mens etes 8
Voorgeregte & sop 9 - 11
Vis 13 - 16
Vleis 17 - 33
Groente & slaai 35 - 43
Nagereg 45 - 50
Pannekoek, pasta & pizza 51 - 54
Happies, drankies & doopsouse 55 - 58
Brood & beskuit 59 - 62
Gebak (koekies, lekkers, koeke & terte) 63 - 89
Allerlei 91 - 98
Wenke 100 - 101
Boererate 102 - 104
Die KOMBUIS
Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle (1 Pet 5:7)
R220 per eksemplaar
Kontak Premiermyn